# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Pectora roborant cultus recti

Jaargang XXXIII Nr. 8 PRYS 10c

VRYDAG, 8 JUNIE, 1979


# IKEYS VERBREEK BANDE MET MATIE-SR

ANTON KRUGER

DIE Ikey-SR het besluit om amptelike kontak met die Matie-SR te verbreek. Hierdie besluit volg op 'n week van woelinge oor die studentepublikasies op twee Engelstalige kampusse.

*Wits Student No. 10* **het hom die gramskap van Stellenbosse studenteleiers op die hals gehaal met twee artikels. In die eerste artikel, "Alternative to Military Mania", word verklaar dat Suid-Afrikaanse kinders gebreinspoel word deur aan hulle speelgoed te gee wat hulle aanmoedig om oorlog te maak. Die tweede artikel, "Veldskool — Ted takes a tip from Hitler Youth", wys op 'n ooreenkoms tussen Hitler se "Jugendbewegung" en die Jeugweerbaarheid wat in Suid-Afrikaanse skole aangebied word. Die verwysing op die voorblad na Suid-Afrika se "most sensitive spots", het daartoe bygedra dat die Stellenbosse SR die publikasieraad versoek het om die blad te verbied. Die blad is op Woensdag, 30 Mei verbied. Mnr. Clifford Goldsmith, president van die Wits-SR, het die Stellenbosse optrede as ongevraagde inmenging beskryf.**

### BEROEP

Mnr. Frans Roelofse, SR-ondervoorsitter, het die volgende versoek tot Ikey- en Witsstudente gerig: "Hierdie Raad doen 'n beroep op die studentegemeenskap van Ikeys en Wits om die toenemende anti-Afrikaanse rassisme en beriggewing, soos in *Varsity No. 8* en *Wits Student No. 10*, te staak, omdat dit die goeie verhoudinge tussen Afrikaanse en Engelse studente in die wiele ry."

Na aanleiding van hierdie gebeure het die Ikeys besluit om bande met Stellenbosch te verbreek. Kort na hierdie aankondiging, het 'n *Varsity* verskyn met die voorbladopskrif "Some people are (not) dying for change", saam met 'n lys van die name van Suid-Afrikaanse soldate wat sedert Republiekwording gesterf het. Bo-oor die lys name verskyn 'n motief van twee hardlopende soldate. Die voorblad maak impak en kan die indruk skep dat slegs terroriste vir die beswil van Suid-Afrika sterf.

### NEERHALEND

**Mnr. Jan de Wet, SR-voorsitter, het dit betreur dat sommige studenterade hul goedkeuring verleen aan studentepublikasies wat neerhalend, radikaal en onsmaaklik geword het.**

**Hierdie uitgawe van *Die Matie* is die laaste deur die huidige redaksie. Die redaksie vir die termyn 1979/1980 sal eersdaags aangestel word. Die volgende uitgawe sal ongeveer drie weke ná die aanvang van die tweede semester verskyn.**



*Solank jy net 'n sambreel byderhand het, is eendeweer op Stellenbosch nét die regte ding vir die eksamentyd. Dit lyk nie of die eksamen dié klomp aan die keel beet het nie!*

# Helshoogte steun SR-mosie

HELSHOOGTE het voorverlede week die eerste koshuis geword wat amptelik sy steun aan die Studenteraad gegee het vir die SR-mosie van 16 Mei oor die oopstelling van koshuise vir alle rasse. 'n Mosie waarin die SR gesteun word en die oopstelling van Helshoogte in beginsel aanvaar word, is met 'n groot meerderheid op 'n huisvergadering aanvaar.

Nadat die SR na die aanvaarding van sy gewaagde mosie oënskynlik vir 'n week of wat in die politieke wildernis was en van alle kante skerp kritiek en teenkanting ontvang het, het die besluit van Helshoogte 'n verdere wending aan hierdie netelige kwessie gegee. Nie alleen dui dit op steun vir die SR nie, maar dit bring die hele kwessie tot 'n vlak waar elke student sinvol daaroor kan besin, anders as deur die sinlose ondertekening van 'n petisie. Dit is egter nie duidelik of hierdie proses verwelkom sal word nie, soos afgelei uit die reaksie van die SR op die besluit van Helshoogte.

In hul mosie vra die inwoners van Helshoogte dat, indien moontlik, die koshuis vir anderskleurige studente van Stellenbosch oopgestel moet word. Volgens die voorsteller van die mosie, mnr. Peter van Ryneveld, sien hy die versoek as uitvoerbaar slegs as dit aanvaar sou word deur die universiteitsowerhede en binne die sfeer van regeringsbeleid val. Die mosie is dus 'n beginselstelling, eerder as ooreenstemming met wat op die hede moontlik is of aanvaar sal word. Uit die 250 aanwesiges het 40 huislede teen die mosie gestem en 11 het buite stemming gebly.

### MEEGESLEUR

**Bewerings dat die vergadering deur 'n emosionele gees meegesleur is en dat die mosie oorhaastig deurgedruk sou gewees het, is deur mnr. Van Ryneveld ontken. Hy gee nietemin toe dat die stemming hoogstens aanduidend is van die gevoel in Helshoogte en dat 'n stemming met geslote stembriefies en waaraan die hele koshuis deelneem, wenslik sou wees. Mnr. Van Ryneveld was verras met die uitslag van die stemming.**

### TEENKANTING

Buiten die steun van Helshoogte, het die SR hom teen 'n muur van teenkanting vasgeloop in die res van die universiteitskoshuise en was daar oral verontwaardiging oor die SR-mosie. Dieselfde boodskap spreek ook uit talle briewe aan die dagpers. Dat hierdie 'n emosionele oorreaksie was op talle banieropskrifte, lei geen twyfel nie. In briewe aan die pers is die Afrikaner-gebondenheid van Stellenbosch sterk beklemtoon en is daar gewag gemaak van die talle praktiese probleme wat die oopstelling van koshuise sou inhou. 'n Vrees dat landswette en regeringsbeleid aangetas sou word, is eweneens prominent verkondig. Hierdie idee het ook weerklank gevind in 'n petisie wat onder studente gesirkuleer is. Dit sal 'n jammerlike dag wees as Suid-Afrikaners morele regverdiging vir die stelsel wat hulle geskep het, moet put uit die bestaan van die wette wat die stelsel daarstel.

### ONWAARSKYNLIK

**Dit is nietemin duidelik dat 'n beduidende aantal studente teen die SR-mosie gekant is, terwyl dieselfde boodskap blyk uit die reaksie van owerheidskant. In die lig hiervan is dit onwaarskynlik dat Stellenbosch in die onmiddellike toekoms 'n oop koshuis sal kry.**

# VERVREEMDING: AFRIKANERJEUG MOET HELP

DIE Afrikanerjeug moet dit as hul taak sien om deur die vervreemding van die anderskleuriges te breek aangesien hulle deel is van die blanke heersersklas wat die politieke mag in die hande het, het prof. J. Degenaar van staatsfilosofie verlede week op 'n ASB-vergadering in Bloemfontein gesê. Prof. Degenaar het gepraat oor die rol van die Afrikaner op weg na die Suid-Afrika van die toekoms.

Prof. Degenaar het 'n kritiese waardering van die Afrikaner ten opsigte van selfbeskikking, volk, ras, struktuur en mag gedoen. "Die Afrikaner verkeer in 'n krisis omdat hy wat dié aspekte betref, bedreig word. Hy moet tot besinning en herwaardering kom."

Hy het gesê die Afrikaner speel 'n belangrike rol vanweë sy Christelikheid, bande met nasionalisme, sy waardering van etnisiteit, die feit dat hy Afrikaans praat en omdat hy die politieke mag in die hande het.

**Die Universiteit van Stellenbosch het met die oopstelling van die universiteit, hoewel op 'n beperkte wyse, 'n goeie voorbeeld geskep. Die Stellenbosse Studenteraad het die konsekwensies van inter-rassekontak deurgetrek en volwaardige studente-skap vir die nie-blanke studente aangevra. Kritici beweer dat die Afrikaner sy identiteit sal verloor indien dit gebeur.**

### VERSKILLE

Die Afrikaner is geneig om teen 'n liberalistiese gelykskakeling van mense en groepe die nadruk op verskille te lê. Om te verhoed dat hy verskille as basis van diskriminasie gebruik, moet hy die beginsel van die gelykheid van verskille ontdek en inbou in sy politiek.

Afrikaans is 'n taal wat in Afrika tot stand gekom het en behoort vir die Afrikaner nie net 'n ontsluiting van swart Afrika te beteken nie, maar behoort as brug tot die swartman in Afrika te dien.

### POPPIE

Hy het ook gesê die kreatiewe en positiewe gebruik van Afrikaans in die boek Poppie Nongena van Elsa Joubert slaan 'n brug tussen die Afrikaner en die swartman. As die Afrikaner nie daarin slaag om deur die Afrikaans van Poppie Nongena 'n volledige mens en 'n volwaardige burger van die land te herken nie, dan sou 'n mens byna kan sê dat hy dit sou verdien as hy eendag in die proses van vernuwing met sy taal en al op die agtergrond geskuif word.

### MORELE EIS

**Die rol van die Afrikaner is om die waarde van etnisiteit te herstel deur hom te distansieer van volksnasionalisme en die politieke teorie van pluralisme sy eie te maak. Die sin vir regverdigheid is 'n morele eis wat ook afgelei kan word van Christelike waardes. Ek pleit by die Afrikaner dat hy die morele weg van "voortbestaan in regverdigheid" bo "blote voortbestaan" verkies.**

# Kommer heers oor AG-wet

MNR. Hilgard Bell, lid van die Komitee vir Politieke Studies, het 'n mosie by die SR ingedien waarin 'n ondersoek na die Wet op die Advokaat-Generaal gevra word. Daar is nog geen amptelike verklaring deur die SR oor hierdie aangeleentheid uitgereik nie.

Mnr. Bell is van mening dat die Regering homself skade berokken deur voort te gaan met die poging om die wetsontwerp, ten spyte van felle kritiek deur erkende Natte, aanvaar te kry.

### IMPLIKASIES

**Die moontlike implikasies van die AG-wetsontwerp is aan studente op Stellenbosch voorgehou tydens 'n byeenkms wat deur die Juridiese Vereniging gereël is. Oud-regter Kowie Marais, 'n lid van die Opposisie, het bespiegel oor moontlike beperkinge wat geplaas kan word op vrye ondersoeke deur die pers of individue na Staatsaangeleenthede. Prof. M.A. Rabie van die Fakulteit van Regsgeleerdheid het die rol van 'n ombudsman omskryf.**

### KOMMER

Kommer oor die voorgenome wetgewing bestaan nie net onder studenteleiers nie, maar ook by dosente. Prof. S.P. Cilliers van die Departement van Sosiologie het die mening uitgespreek dat die wetsontwerp Suid-Afrika se beeld in die buiteland verder kan afbreek. Volgens hom kan hierdie tipe wetgewing net die demokratiese proses in Suid-Afrika skade berokken en sy toekoms in gevaar stel. Dit word betwyfel of die Regering sy geloofwaardigheid op hierdie wyse sal kan handhaaf. Sulke wetgewing kan eerder aanleiding gee tot groter geskinder, omdat die gemeenskap dan geen maatstaf sal hê om die optrede en effektiwiteit van sy leiers te meet nie.

# Redaksie: doen nou aansoek

Aansoeke om die volgende poste in die redaksie van *Die Matie* word ingewag:

**Hoofredakteur**
**Assistent-Hoofredakteur**
**Aktualiteitsredakteur**
**Advertensiebestuurder**
**Nuusredakteur**
**Interuniversitêre Redakteur**
**Sportredakteur**
**Sosiale Redakteur**
**Kunsredakteur**
**Hooffotograaf**
**Taalredakteur**
**Subredakteur, Nuus (2 poste)**
**Subredakteur, Sport (2 poste)**
**Subredakteur, Sosiaal**
**Subredakteur, Kuns**
**Subredakteur, Interuniversitêr**
**Nuusverslaggewers (9 poste)**
**Interuniversitêre verslaggewers (5 poste)**
**Sportverslaggewers (9 poste)**
**Sosiale verslaggewers (6 poste)**
**Kunsverslaggewers (6 poste)**
**Fotograwe (4 poste)**

(Na bl. 8)

## USAT na Grahamstad

# Tot hiertoe en verder na fees

TERWYL die meeste studente nou verdwyn het agter 'n lessenaar en 'n stapel boeke, is daar 'n klompie wat druk besig is om voor te berei vir USAT se deel aan die Dramafees van 7 tot 14 Julie in Grahamstad.

Dit is die tweede keer dat USAT aan hierdie reeks uitsoekopvoerings, wat deel vorm van die kunsfees wat deur die 1820 Settlers National Monument Foundation georganiseer word, deelneem. Die ander deelnemers is almal studente aan Dramadepartemente.

### TOT HIERTOE EN VERDER

**Soos verlede jaar is USAT se bydrae twee eenbedrywe. Dawid Minnaar se oorspronklike stuk, *Tot Hiertoe en Verder*, sal eerste aan die beurt wees. Die stuk is die verhaal van 'n moeder se vergeefse pogings om haar gesin bymekaar te hou. Dié stuk is vir die eerste keer tydens vanjaar se Dramafees opgevoer en is bekroon as beste oorspronklike studenteteks.**

Geringe wysigings is aan die oorspronklike rolverdeling gemaak. Babs, die moeder, word deur Adèle Coetzee vertolk, Willie Lategan is haar seun, J.C., terwyl Joletta Payne weer die rol van Bekkie, die verstandelik-vertraagde dogtertjie speel. Lilian word gespeel deur Annette Marais en Mariëtta Kruger is Ruth, die ander vrou. Die regie word behartig deur Christa Kotzé.

### ENGELSE EENBEDRYF

'n Nuwigheid is dat daar besluit is om ook 'n Engelse eenbedryf op te voer. Die keuse was Jean-Claude van Italië se *Interview*, een van drie eenbedrywe wat 'n trilogie, *America Hurrah*, vorm.

**Hierdie lewendige stuk is 'n aftakeling van die gemeganiseerde lewenswyse wat besig is om ons in te sluk. Daar word gekgeskeer met die mens se beheptheid met die klassifikasie van dinge, ons pogings om soos die advertensies te lewe en die mens se onvermoë om werklik te kommunikeer en sy medemens te help.**

Die spelers is Murray Bridgeman, Dianne McCarthy, Keriesa Botha, Wilhelm Liebenberg, Lorraine Craig, Eugene Lötter, Natalia Da Roscha en Conrad Heyns. Die regie word behartig deur Morlette Lindsay. Die beligting word versorg deur Maleen Young en rekwisiete deur Jerome O'Regan.

Die stukke sal in die eerste twee weke van volgende semester op Stellenbosch opgevoer word.



"Vroegmôre" — geneem deur Marc Degenaar. Dié foto is verlede jaar as die algehele wenfoto by Fokus se jaarlikse fotografie-kompetisie, Fotovaria, aangewys.

## Fotovaria 79

**FOTOVARIA '79, Fokus se jaarlikse fotokompetisie, word vanjaar van 14-17 Augustus in die Leeskamer in die Studentesentrum uitgestal.**

Daar word in die volgende kategorieë meegeding:

**Swart- en Wit Afdrukke:**
1) Aksie
2) "Glamour and Fashion"
3) Landskappe
4) Eksperimentele fotografie
5) Mense en gesigte
6) Varia

**Kleurskyfies:**
1) Natuur
2) Sonsondergange
3) Mense en gesigte
4) Varia

### INSKRYWINGSFOOIE

Die inskrywingsgeld vir Fokuslede is 50c vir die eerste vyf of minder inskrywings per afdeling en 10c per addisionele inskrywing. Vir nie-lede is dit R1,00 vir die eerste vyf of minder inskrywings en 20c per addisionele inskrywing.

**In die Swart-en-Wit-afdeling is daar 'n prys vir die beste inskrywing in elke kategorie en pryse vir die drie beste inskrywings. In die Kleur-afdeling word soortgelyke pryse toegeken.**

Inskrywingsvorms is by die Kitsarea en by Fokus se donkerkamer in die Studentesentrum beskikbaar. Die kompetisie sluit om 19h00 op Dinsdag 31 Julie.

## Neem Kennis

**Enige iemand wat oor interessante foto's beskik wat geskik is vir moontlike gebruik in vanjaar se Stellenbosse Student en bereid is om dit aan die redaksie te leen, kan dit by die SR-kantoor laat. Die samewerking van studente in dié verband sal waardeer word. Alle foto's sal terugbesorg word.**



*Mnr. Pieter van der Westhuizen in aksie voor die kerkkoor van die Sentraalgemeente. Dié koor tree in die vakansie by die Algemene Jaarvergadering van die FAK in Bloemfontein op. (Sien berig onder).*

# Kerkkoor na Bloemfontein

DIE kerkkoor van die N.G. Gemeente Stellenbosch-Sentraal is genooi om vanjaar tydens die Algemene Jaarvergadering van die FAK in Bloemfontein op te tree. Dit geskied op 10 en 11 Julie en daarna vertrek die koor op 'n kort toer waartydens hulle in verskillende kerke sal optree.

Hulle lewer in Bloemfontein die eerste uitvoering van 'n nuwe Afrikaanse koorwerk, *Loof die Here*, 'n motet wat die koorleier, mnr. Pieter van der Westhuizen, vroeër vanjaar in opdrag van die FAK gekomponeer het.

### GROOTSTE KERKKOOR

Dié koor met sy 67 lede is die grootste kerkkoor in die land en is ook die enigste kerkkoor wat net uit studente bestaan; geen ander kampus kon Stellenbosch dit nog nadoen nie.

**Die koor is vanjaar twintig jaar oud. Die eerste koorleier was prof. Chris Swanepoel, tans die musiekhoof by die SAUK. Hy is in 1965 deur die huidige koorleier opgevolg. Die koor het vroeg reeds 'n hoë standaard bereik, soos blyk uit die feit dat die koor genooi was om in 1967 by die inhuldiging van dr. T.E. Dönges as Staatspresident op te tree. Dit kon vanweë die onverwagse siekte en afsterwe van dr. Dönges kort voor die plegtigheid, nie plaasvind nie.**

### RADIO EN TV

Benewens die gereelde optredes Sondagaande by die eredienste in die Stellenbosch-Sentraalkerk, sing die koor dikwels oor die radio en verskyn ook op televisie. Die koor maak vanjaar opnames van liedere uit die nuwe Psalm-en Gesangbundel vir die SAUK.

# Folkkonserte herleef

**USAT en sy medewerkers het besluit dat Sondagaand-folkkonserte 'n instelling moet word. Dit sal tweeweekliks gehou word en die eerste konsert in volgende semester is op Sondagaand 22 Julie om 20h15 in die Libertasteater. Geen toegangsgeld word gevra nie.**

**Die organiseerder, Dewald Visser, het die tyd só gereël dat kerkgangers ook kan kom luister. 'n Paar jaar gelede was folkkonserte 'n gereelde en gewilde tradisie. Mense wat belangstel om deel te neem, kan Dewald by Heroldstraat 1 kontak.**


**BENODIG U**

**Fotografiese Toerusting**
**Pragtige Ateljee Foto's**
**Sakrekenaars**
**Kleurfilm Ontwikkeling**
**24 uur diens met gratis film**

**?**

***KOM KUIER VIR***



**EDRICH**

***Ryneveldstraat 34***
***Stellenbosch***
***Foon 5420***

**EIKE BOEKHANDEL**

**Beyerstraat (Langs die Spur)**
**Tel. 6139**

Sagte- en Hardebandboeke
Groetekaartjies
Skryfbehoeftes
Tydskrifte
Geskenke
Fotokopieë

**OOP SAANS TOT 8:00**

**Cobwebs**
Dorpstraat 145

**LEWENDIG**
**BYDERWETS**
**GOEIE SMAAK**

Juweliersware, glasware, kerse, Liebermann- en Lesotho- erdewerk, maandjies en grasmatte, kaftans, leerwerk, beursies, syserpe en sjaals. DRUKKERSLAAIE en alles om hulle vol te pak. VINOTIQUE met glase, wyn-rakke, boeke, kurktrekkers, vaatjies, wyn kraffies.

Ons maak ook gaatjies in die ore

*Tuislandbeleid*

# VORDERING TE STADIG

**DIE Komitee vir Politieke Studies het die volgende standpunt en aanbevelings oor die Tuislandbeleid bekendgemaak.**

"Ten spyte van die probleme kan die tuislandbeleid nie nou afgeskaf word nie as gevolg van die gevorderde stadium wat die ontplooiing daarvan bereik het. Die oplossing lê daarin dat die tuislande gekonsolideer word en selfs vergroot word ten einde die lewensvatbaarheid daarvan te verhoog.

Hierdie is 'n duur maar gewensde oplossing wat ekonomiese en politieke stabiliteit in die hand kan werk.

Suid-Afrika se ekonomiese stelsel sal egter sekere strukturele veranderinge moet ondergaan ten einde meer funksioneel te wees. Een van die belangrikste implikasies hiervan is die noodwendige verlaging in lewensstandaard wat die Blankes sal moet aanvaar."

Die komitee het die volgende aanbevelings gemaak:

1. Die tuisland beleid is so ver gevorder dat dit onprakties sou wees om 'n verandering of opskorting van die beleid aan te beveel.
2. Die huidige konsolidasie is onbevredigend en 'n veel groter mate van konsolidasie tot ekonomies en polities lewensvatbare eenhede moet onverwyld beplan en geïmplementeer word.
3. Aangesien die astronomiese koste aan konsolidasie verbonde, nog vinniger gaan toeneem in die toekoms, moet alle moontlike middele *nou* aangewend word om konsolidasie daadwerklik aan te pak en uit te voer.
   — 'n Vertraging in konsolidasie verhoog die koste. In 1936 kon die kwota van 6,21 miljoen ha. wat bykomend voorsien is vir R10 miljoen aangekoop word.
   Dit is egter nie gedoen nie en in 1973/4 is twee-derdes van die grond aangekoop vir R115 miljoen. Teen die huidige pryse kan die oorblywende 2,3 miljoen ha. ongeveer R400 miljoen kos. Die hervestiging van Wit en Swart ongeveer R380 miljoen. As mens verder in gedagte hou dat veel meer grond benodig word vir volle konsolidering sal die koste skrikwekkend styg hoe langer ons sloer.
4. Daar moet ernstige pogings aangewend word om groter belegging in die tuisland aan te moedig en belegging aldaar moet so aantreklik moontlik gemaak word.
5. Sentrale regeringsbesteding moet sover moontlik verhoog word op noodsaaklike dienste soos opvoeding en die verskaffing van 'n behoorlike infrastruktuur.
6. Soos deur die Wiehann en Riekert kommissies aanbeveel moet groter arbeidsmobiliteit verkry word en groter geleentheid gegun word vir al die deelnemers aan die ekonomie om op gelyke grondslag te kompeteer. Die ekonomiese stelsel moet dus sover moontlik geïntegreer word.



*Prof. Roux de Villiers, dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese, is onlangs deur die Senaat as kandidaat vir die pos van vise-Rektor benoem. Die vise-Rektor word op Saterdag 16 Junie deur die Universiteitsraad aangewys.*


# NERINA-HK STEUN SR

**DIE huiskomitee van Nerina het op hul laaste vergadering met agt stemme teen vier 'n mosie aangeneem dat hulle die "SR steun en gelukwens met hul mosie waarin die beginsel van oop koshuise aanvaar word" en dat "die wyse waarop 'n *naamlose* petisie onregmatig deur koshuise gesirkuleer is en waarin die ondergetekendes 'enige gevolge van die ondersoek (wat) strydig met bestaande landswette sal wees . . .' ten sterkste afkeur en verwerplik vind."**

Die mosie is deur Linda Winterbach voorgestel en deur Hendrine de Wit gesekondeer.

Uit die bespreking van die mosie het dit geblyk dat die persone wat daarteen gestem het, die alternatief voorstel dat 'n aparte koshuis-anneks op die kampus vir anderskleurige studente opgerig word.

**Die huiskomitee van Nerina wil dit duidelik aan al die naamlose korrespondente in *Die Burger* stel dat daar groot steun op die kampus vir die SR se optrede is en dat die visie en realisme van vandag se studente, en hul bereidwilligheid vir die soeke na 'n oplossing van ons land se probleme, nie onderskat moet word nie.**





*"Hy maak glo 'n fortuin deur Wits en Ikeys se studentekoerante hier op die Akker te verkoop . . ."*

# ASB-Kongres

DIE Jaarlikse ASB-kongres vind vanjaar op Stellenbosch van 9 tot 13 Julie plaas. Die Minister van Samewerking en Ontwikkeling, dr. P.G.J. Koornhof, sal op Maandagaand 9 Julie die amptelike opening in die H.B. Thom-teater waarneem.

### SPREKERS

Die tema van die kongres is: Indentiteit in Suid-Afrika. Onder die sprekers wat sal optree is die volgende: Prof. Gerrit Viljoen (Rektor, RAU), mnr. Graham McIntosh (voorsitter, Natalse PFP), dr. W. Bergins (leier van die Vryheidsparty), prof. B.G. Ranchod (dekaan, Westville Regsfakulteit), mnr. Lennox Sebe, Eerste Minister van die Ciskei en mnr. David Thebahali (voorsitter Soweto Gemeenskapsraad).

**Ander bedrywighede sluit 'n sportmiddag, vleisbraaiery, 'n dinee en dansparty in.**

### ALMAL WELKOM

Alle Maties is welkom om die kongres by te woon. Die inskrywingsgeld is R30 (verblyf ingesluit) en R20 (sonder verblyf). Inskrywings vergesel van R10 deposito kan van Maandag 11 Junie tot Woensdag 13 Junie van 13h30 tot 14h30 by die ASVS-kantoor gedoen word.

Volgens 'n woordvoerder van die ASVS is diegene wie se persoonlike oortuigings nie met die amptelike beleid van die ASB ooreenstem nie, ook baie welkom. Positiewe kritiek is baie welkom.

# Equality in line with Bible

**MIKE DWIGHT, SCA COMMITTEE, writes:**

THE SCA welcomes the thinking of the SRC on the matter of integrated residences. It is a move in the right direction. We urge all to support any such move.

Christ commanded that we should love one another. (John 15:12) No buts! When put into practice this love involves taking the basic step of accepting people as equals.

**This equality theme is in line with what God teaches us. We are made in His image (Gen. 1:26). That automatically creates a common denominator between all people. Jesus Christ came to save *all* — not to snub or ignore certain groups. Therefore just as God shares His love equally among us, so we too must love one another with an equal love. (These are but two teachings.)**

In applying this, we must accept and love all — no matter who they are, what they look like, or what colour skin they have.

More specifically, on campus it involves sharing the same facilities and providing the same opportunities for all students. Bearing this in mind, the SCA wholeheartedly supports and will encourage any move towards racially-mixed residences.

Christ said He is the Truth. His Word is the Truth. All Christians should therefor stand by and follow the Truth.

WAARHEEN GAAN JY?

Daar wag dalk 'n interessante loopbaan, vol verskeidenheid, vir u in die rekenaar bedryf. Hierdie bedryf bied nie net aan gegradueerdes in Rekenaarwetenskap 'n uitstekende loopbaan nie, maar selfs persone in die Biochemie, Liggaamlike Opvoeding, Argitektuur en Musiek het reeds gevind dat hierdie rigting aan hulle die uitdagings en bevredeiging verskaf waarna hulle soek.

Sien bl 32 van Geleenthede vir Gegradueerdes, of kry meer besonderhede direk van ons.

MANIE VAN ZYL &
FRANK PRITCHARD (EDMS) BPK
Posbus 6989 Johannesburg 2000 Telefoon 21-9823

# ASB EN POLITIEK

**PROF. WILHELM KLEYNHANS, UNISA, skryf:**

AS een van die persone wat teenwoordig was toe die ASB in Oktober 1945 op die kampus van die Universiteit van Pretoria gestig is, en iemand wat sedert daardie dag nog steeds 'n lewendaardie dag nog steeds belangstel in die doen en late van die ASB op alle kampusse en in die politieke betrokkenheid van die Afrikaanssprekende studente, wens ek graag enkele gedagtes in die midde van alle Afrikaanssprekende studente te lê.

Die oorlog van 1939-1945 het 'n bitter verdeeldheid tussen daardie Afrikaanse studente wat Ossewa Brandwag (Nasionaal-Sosialisties) gesind was en diegene wat by die Nasionale Party met sy demokratiese staatsopvattings gebly het, teweeg gebring. Om eenheid te herstel is 'n nuwe studente-organisasie gestig. Ons het dit die ASB genoem.

Ek weet nie waarom daar soveel tyd verkwis word om die studenterade en ASB te probeer omskep tot politieke instrumente nie.

**In Suid-Afrika bestaan daar alleen een kanaal waarlangs effektiewe politieke aksie moontlik is, en waarna geluister word, en dit is politieke partye en hulle ondergeskikte organisasies. Suid-Afrika het die studente se bydrae op die gebied van politieke denke en handelinge nodig, baie nodig. Sluit aan by die enigste effektiewe instrument — party politieke organisasie — en staak die aksies om studenterade, ASB en ander nie-politieke organisasies op kampusse vir die doel te omskep.**

*(Verkort. — Red.)*

PIZZALAND



Beste Pizzas
Beste Diens

en by Voortrekkerweg 143, Parow sal studente 'n 10% afslag ontvang as hul 'n studentekaart toon.

OOP 7 DAE PER WEEK
VANAF 9 VM TOT MIDDERNAG
Tel. 92-8318

# Sluit Afrika-lit. in by kursusse

DIE kursus-inhoud van Engelse Departemente word op Engelstalige kampusse skerp bevraagteken. Dit maak alles deel uit van die sogenaamde aksie, *Action on Education* wat deur studente op dié kampusse geloods word. Die doel van die veldtog is om universiteitskursusse meer relevant vir Afrika en veral Suid-Afrika te maak. Hulle wend 'n poging aan om veral hedendaagse Afrika-literatuur by die kursus-inhoud in te skakel.

Hoewel dit studente is wat die veldtog loods, kry hulle sterk ondersteuning van sommige dosente. Die verdeling hieroor onder dosente op Wits is baie sterk. Verlede jaar het Tim Couzens, voormalige dosent aan die Departement Engels op Wits, 'n artikel geskryf in 'n progressiewe Suid-Afrikaanse kunstydskrif, *SPEAK*, waarin hy die huidige wyse van onderrig en die inhoud van leerplanne kritiseer.

**In sy artikel neem Couzens kennis van die feit dat Suid-Afrikaanse literatuur al hoe meer bestudeer word, maar dat die werkswyse dieselfde is as dié wat gebruik word vir klassieke Europese literatuur. Dit is volgens Couzens verkeerd, want historiese en sosiologiese faktore moet in ag geneem word om die literatuur behoorlik te verstaan en relevant te waardeer. Hy sluit af om te sê dat 'n mens ook kontemporêre kunswerke moet bestudeer, en nie net dié wat "klassiek" geword het nie, want dit is belangrik om die kontemporêre kultuur, soos dit deur moderne skrywers en kunstenaars tot uiting gebring word, behoorlik te bestudeer en te verstaan.**

In die daaropvolgende uitgawe van *SPEAK* word Couzens deur een van die huidige dosente aan die Departement Engels op Wits, Jean Marquard, skerp aangeval.

**In haar artikel beskuldig Marquard Couzens daarvan dat hy die letterkunde wil benader as net nog 'n wyse om die politiek te bestudeer. Volgens haar lyk dit asof hy vir 'n terugkeer na ongeletterdheid pleit!**

Marquard se kritiek op Couzens is oor-emosioneel, en haar benadering tot die letterkunde redelik konserwatief. Dit lyk asof sy haar van die wêreld wil afsluit en die letterkunde van buite sy konteks bestudeer.

Baie studente het kwaai gereageer op Marquard se standpunt, en in een brief is sy daarvan beskuldig dat sy tekens van "spinsterly hysteria" toon. 'n Ander Engelse dosent op Wits het Couzens verdedig.

**Die Departement Engels word egter op die oomblik deur mense wat soos Jean Marquard ("Miss Maak Kwaad", soos studente haar noem) dink, beheer. Die studente streef na verandering en volgens Engelstalige studentekoerante het die stryd skaars begin. Hulle sal met niks minder as 'n algehele verandering van die juidige leerplan tevrede gestel word nie.**

# "Politieke Kreatiwiteit" die Dryfveer agter Mosie?

Kobus Louw, Huis Slabber, skryf;

DIT is my vooreg om namens die meer as 1 700 studente wat 'n versoekskrif téén die SR se onlangse standpunt ten gunste van gemengede koshuise en danspartye, onderteken het, die volgende onder u aandag te bring.

Die volledige en juiste bewoording van die versoekskrif lui:

**"Hiermee wil ons, die ondergetekende studente aan die US, die SR ondersteun vir 'n ondersoek na die posisie van anderskleuriges aan die US, veral met verwysing na losies. Ons keur dit egter ten sterkste af dat enige gevolge van die ondersoek in stryd met bestaande landswette sal wees. Ons vereenselwig ons ten volle met die toelatingsvoorwaardes aan anderskleuriges soos duidelik uiteengesit deur die aangewese Rektor onder meer in *Die Burger* van 18 Mei 1979."**

Dié petisie is geensins gebruik teen die SR self nie, maar wel teen die bepaalde beginselstandpunt van gemengde koshuise en danspartye soos eenparig aanvaar deur die SR. Die besware is teen enige gevolge wat indruis teen o.a. die wet op Groepgebiede en die Drankwet.

### GROOT GROEP

Die reaksie op die gewraakte mosie dui daarop dat 'n beduidende groot groep Maties van die SR verskil en dat die SR, toe hy homself ten gunste van oop koshuise en danspartye uitgespreek het, geensins verteenwoordigend van die ganse studente-unie was nie.

In paragraaf drie van die mosie word dit vervolgens gestel "dat hierdie raad daarvoor pleit dat instansies van hierdie universiteit in 'n groter mate toegelaat word om hulle eie huishouding na goeddunke te reël." As hierdie paragraaf in verband gebring word met paragrawe een en twee van dieselfde mosie, blyk dit duidelik dat ons hier te make het met 'n poging om die regering se reëling van intergroepsverhoudinge te ontkom en om 'n ras-geïntegreerde gemeenskap op die kampus tot stand te bring. Hierdie kunsmatiggeskepte gemeenskap op Stellenbosch sal uiteraard uit pas wees met die samelewingstruktuur in Suid-Afrika en sou ernstige aanpassingsprobleme en frustrasies meebring vir anderskleurige studente wat na hul voltooiïng van hul studies terugkeer na die wêreld buite die kampus.

Ek wonder of hierdie optrede nie teruggevoer kan word na enersyds die monstervergadering van verlede jaar en andersyds die naderende SR-verkiesing nie. By eersgenoemde geleentheid het mnr. Frans Roelofse 'n bohaai gemaak oor Matieland wat dan kwansuis sy leidende rol verloor het onder Suid-Afrikaanse universiteite – veral by die politiek. "Politieke kreatiwiteit" is aanbeveel as geneesmiddel teen hierdie kwaal. Moontlik is die mosie maar net die jongste spruit van die SR se polities-kreatiewe barensnood! Aan die ander kant is die voorsteller en sekondant van die mosie miskien met die oog op die SR-verkiesing besig om aan ons te probeer toon welke verligte, polities-kreatiewe manne hulle is – net die regte soort om aan die stuur van 'n polities-kreatiewe studenteraad te staan!

### VERSKONING

Veroorloof my ten slotte om verskoning te maak by daardie studente wat ons versoekskrif onderteken het, maar wie se handtekeninge ongelukkig weens die laakbare optrede van enkele voorstanders van gemengde koshuise en danspartye, verlore gegaan het. Hierdie enkelinge voel blykbaar só sterk oor hul saak dat hulle nie skroom om diegene wat van hulle verskil, daarvan te weerhou om hul standpunt bekend te maak nie – nogal 'n demokratiese gesindheid, nie waar nie?

*(Brief verkort. – Red.)*



*Gerald Gray, 100 m-atleet van die W.P. het Simonsberg se eerste Supersportmankompetisie gewen. Op die foto verskyn 'n aantal van die beste sportmanne van Simonsberg, wat aan die kompetisie deelgeneem het.*

# Beperk gebruik van motors

DIE Studentebelangekomitee het die afgelope semester 'n ondersoek geloods na die werksaamhede van Kampusbeheer en oor sy gewildheid op Stellenbosch. 'n Lid van die SB-Komitee, Ben Fraser, het oor die uiteenlopende menings 'n verslag opgestel. Hierdie is die eerste deel van die verslag wat oor twee punte van kritiek van die Studente-unie se kant handel.

Kampusbeheer is te onwrikbaar in sy optrede en is té reëlgebonde. Bv.: 'n Student ry met sy geregistreerde motor na sy meisie wat ook 'n geregistreerde motor het. Hy laat sy motor op haar parkeerplek en hulle ry weg met haar motor. Kampusbeheer beboet egter die "ongemagtigde" parkeerder.

### ANTWOORD

Kampusbeheer se antwoord: Die Kampus is die private eiendom van die universiteit en toegang per motorvoertuie word onderwerp aan sekere voorwaardes soos in die Jaarboek omskryf. Die universiteit beskou dit as 'n voorreg en vergunning as 'n motoreienaar tot die eiendom van die universiteit met sy motor toegelaat word – dis geen reg nie.

### MOTORS VASPEN

Die doel van die beheer oor motors is om motors op die kampus vas te pen. Indien 'n student met sy motor op Stellenbosch toegelaat word, is dit nie die bedoeling dat hy op die kampus moet rondry om te kom waar hy wil wees nie. Dit mag hy egter wel na 5-uur smiddae doen, wanneer alle plekke toeganklik is vir almal. In die lig van die petrolkrisis sal hierdie vergunning ook moontlik teruggetrek word. Daarom moet die beweging van motors tot die minimum beperk word.



*Die Streeksbestuurder van Sanlam, mnr. Dickie Mertsch (regs) oorhandig hier die jaarlikse bydrae van Sanlam aan die Buro vir Ekonomiese Ondersoek aan prof. J.L. Sadie, Direkteur van die Buro. Sanlam het onlangs sy jaarlikse bydrae van R1 500 tot R2 000 verhoog.*

DIE BESTE BUL VAN 'N BURGER OP DIE KAMPUS IS BY KENTUCKY, STELLENBOSCH



Vars gebakte broodjies gegeur met heerlike sesam-saad.
Vars gekapte uie maak jou Burger nog lekkerder.
Dun skyfies ingelegde komkommer vir daardie ekstra geur.
Skywe van die sappigste tamaties maak 'n Burger om van te droom.
'n Groot porsie bros, vars slaai.
Jy verkies jou Burger met kaas? Dis die geurigste, heerlikste cheddar.
Eenhonderd persent suiwer beesvleis-frikkadel, vinnig gerooster om sappig geurig te bly.
Die Kolonel se spesiale sous. 'n Verloklike geur wat jou mond laat water.
Kolonel Sanders se resep
Colonel Burger®
"Dis vingerlek-lekker"®
Kry jou Colonel Burger nou by jou Kentucky Fried Chicken-winkel, Trust Bank-sentrum, H/v. Andringa- en Beyerstraat, Stellenbosch.
Goodgoll, Said Campbell-Ewald 5294M

HAUM
Die student se boekwinkel
Trustbankgebou
Andringastraat
Stellenbosch
7600
TEL. 4440 2906
Posbus 343

ON-THE-SPOT
DROOGSKOONMAKERS
H/v Andringa- en Kerkstraat
20% AFSLAG VIR US SE MENSE
Probeer ons Selfdien Muntstuk Wassery

# perspektiewe en dinge

WATTER interessante tyd beleef ons nie? Inflasie skiet die hoogte in, almal wil minder werk vir meer geld, almal wil naarstiglik hul lewensstandaarde verhoog terwyl die teenoorgestelde in der waarheid die geval is en almal smag na 'n koppie goedkoop petrol. Intussen is dit daardie ronde randstuk wat alles moet ontgeld.

**Die anderdag hoor ek in my oplettendheid (soos ek in my vorige artikel beloof het) 'n advertensie oor die radio. Die betrokke bank of bougenootskap (so goed het ek nie geluister nie) het gespog met 'n "randrekker". Dit moet 'n wonderlike toestel wees; net wat ons nodig het in hierdie tye. 'n Randrekker sal deesdae regtig goed te pas kom wanneer die maandelikse begroting net nie wil klop nie.**

Die enigste rekkers wat ek ken, is daardie mikstokkiesoort met gesnyde "tjoeps" en 'n skoentong in die middel. Uit ondervinding het ek geleer dat hulle net geld wegskiet (veral as 'n mens na 'n blikkie mik en die buurman se sitkamervenster amper misskiet). Nee wat, die enigste raad (en dis sommer *plain* boereraat) wat ek aan kan dink, is besparing – dit kan rande laat rek.

Met 'n oorlog op ons landsgrense, wat ons (so hoor mens) twee miljoen rand per dag kos, kan 'n mens nie verwag om ryk te word nie. Daar is boonop nog talle ander gate wat toegestop moet word, veral as mens dink aan die opheffing van Swartmense en gelyke besoldiging en geleenthede vir almal. Ons praat almal van die dag as ons skip kom. Tensy iets drasties gebeur, gaan hierdie skip nie gou weer by

**kobus pienaar**

ons in Suid-Afrika aandoen nie. Dit wil al vir my lyk of daar nie veel langer nut vir die geldtrommeltjie onder die bed sal wees nie.

**Swartgalligheid bring ons natuurlik nêrens. Kom ons lag liewer daaroor – ons Afrikaners is mos van nature geneig om die komiese in 'n slegsaak raak te sien, of hoe?**

Die brandstofkrisis gaan ons weer terug bring aarde toe. Stellenbosch sal weer soos in die ou dae wees toe die studente op mekaar aangewese was vir vermaak. Laat Siener Pienaar weer vir oulaas sy talent beoefen. Hoe lyk dit, sal ons in die toekoms weer terugkeer na tiekie-aande en debatsbyeenkomste? En wat van volkspele? Terwyl die nefies solank begin baard kweek, kan die niggietjies hul kappies gaan uitkrap. Ek spot nou, my liewe lesers. **Om geld te bespaar, is dit darem nie nodig om terug te keer na die Stellenbosch van etlike dekades gelede nie, maar watter heerlike uitdaging is dit nie vir ons om te kyk hoe ver ons 'n rand kan laat rek nie?**

So eenmaal per kwartaal sal ons darem gesellig gaan toustaan by die stasie. 'n Mens moet darem so 'n keer of wat huis toe gaan om vir pa en ma te wys dat geld nie alles in die lewe is nie . . . Die dames sal so ietwat moet inboet met hul tooisels. Slegs die minimum bagasie kan saamgaan, anders raak die fietsrit tussen die koshuis en die stasie bra ongemaklik.

**My liewe lesers, ons sal eenvoudig ons lendene moet omgord, ja selfs stywer intrek as gewoonlik, minder eet, minder ry, minder mors en meer *swot*. Hoe's daai vir 'n les in ekonomie?**

Eksamentyd is 'n anderster tyd. Vir sommige is dit vakansie, vir andere is dit 'n nagmerrie en vir die gemiddelde student is dit net nie 'n lekker tyd nie.

Die ouens wat pligsgetrou hand aan die boek geslaan het en dit boonop ontspannend vind om kennis in die kop te kry, geniet Junies en Novembers terdeë. Eksamentyd beteken vir hulle net die *final touches;* die verskil tussen 'n 7,5 of 8. Die vermoeienis van klasloop is vir hulle agter die rug (enige fisiese oefening is gewoonlik vir hulle te veel) en die vakansie is so te sê op hande. Om eksamen te skryf, is bloot 'n formaliteiit – 'n simbool van die semester se werksaamhede. **Hoe ironies is dit nie dat meeste van hulle gedurende die kwartaal nooit tyd het vir hul medemens nie – "te veel werk" – en nou dat hul "vakansie" het, is almal te besig om aandag aan hulle te gee.**

Diegene wat nagmerries kry, verneuk hulself. Dis nie die eksamenvrees wat woel nie, nee, dis maar net al die wakkerblypille, energiepoeiers en kalmeermiddels wat saam nie so lekker akkordeer nie.

Daar is verskeie snaakse verskynsels onder die gewone studente te bespeur as die eksamen nader kruip. Die mans se rookgeldjies raak al te gou op – een sigaret lei tot 'n volgende en help kwansuis om frustrasies te verminder. As die finansies begin skraap, rook die meeste net pyp; met B-graad tabak.

**Die dames, aan die ander kant, sit met 'n alewige eetprobleem. As dit by 'n eksamen kom, is daar maar min tyd om aan verslanking te dink. Allerhande ekskusies en verskonings word opgediep – beloftes van latere dieëte en wat ookal meer help maar min om die leerwerk te vergemaklik. Bittergoed word selfs aan die naels gesmeer om te verhoed dat hulle dié ook in hul eetlus verorber.**

Op die vooraand van die groot dag van afrekening maal die gedagtes, vrese, bietjie kennis en nogmaals vrese deur jou gedagte. So tussen die laaste lyne deur, lees jy dinge wat jy nog nooit tevore raakgesien het nie. Uit vrees dat jy nog sulke fratse sal ontdek, maak jy maar die boek toe en probeer slaap – dit gaan taamlik moeilik met al die vlinders in die maag.

Daar is net een oplossing vir hierdie eksamenpenarie: die wete dat jy deur die jaar jou plig gedoen het, sover jy kon en natuurlik die vertroue op hulp van Bo. As mens tevrede is met die hoeveelheid werk wat gedoen is, sal die Vader genade gee.

# Suidwesters het inherente krag

"AL mag dit vir die Weste, Suid-Afrika en selfs vir sommige Suidwesters hóé onmoontlik lyk, sal Namibië die pad na onafhanklikheid deurloop, en dit wel suksesvol deurloop," was die woorde van regter M.T. Steyn, Administrateur-generaal van Namibië. Regter Steyn het 'n SAAK-vergadering toegespreek.

Hy het gesê dat mense hulle nie met Namibië moet misreken nie. Die Suidwesters het 'n inherente krag en in Namibië het hulle 'n saak om voor te staan.

Dit is om hierdie rede dat 'n land met 'n amper meer heterogene bevolking as Suid-Afrika kan saamstaan en onderlinge kleinlike verskille kan miskyk. Voorbeelde hiervan is die veelrassige partystelsel, magsdeling, en die bereidwilligheid van mense wat tot onlangs nog op mekaar neergesien het, om saam te staan in een weermag en één Namibië te dien.

Regter Steyn het gesê dat ten tye van die totstandkoming van 41-Bataljon dit 'n teiken vir bespotting was. Hierdie veelrassige bataljon, wat die begin van 'n eie weermag vir Namibië is, het reeds getoon dat dit sy man enige dag en enige plek teen die vyand kan staan – en daarvan kan Swapo die beste getuig.

**Hy het gesê dat, ten spyte van Swapo se verskerpte terreurbedrywighede, die Suidwesters se wil om te oorwin nog nooit sterker was as juis nóu nie. Swapo is besig om klaaglik te misluk.**

Daar is egter mense wat die pas van ontwikkeling en verwikkeling nie kon volhou nie, en daarom is daar vandag mense wat sê dat hulle die Administrateur-generaal om die lewe gaan bring. Geweld moet egter nie beskou word as die algemene oplossing vir die probleme van Namibië nie. Daar is reeds by herhaling beklemtoon dat die deur vir onderhandeling en dialoog steeds oop bly. Die land is 'n edelsteen wat geslyp moet word om die skoonste na vore te bring. Namibië se potensiaal moet nie onderskat word nie.

## Neem Kennis

**AANSOEKE word ingewag vir die volgende poste op die Karnavalkomitee. Aansoeke sluit op 31 Julie 1979, en moet gerig word aan die karnavalvoorsitter.**

**Drie ondervoorsitters**
**Tesourier**
**Assistent-tesourier**
**Sekretaresse**
**Akkerjol Advertensie Bestuurder**
**Debutante konvenors (drie)**
**Motorkompetisie konvenors (twee, verkieslik een met rekenaarondervinding)**
**Reklamebestuurder**
**Skakelbeampte (skakel onder andere met die koshuisverteenwoordigers)**
**Promosies (T-hemde, plakkers, ens.):**
**Interne Reklame**
**Drukwerk**
**Smoegredakteur**
**Konserte (onder andere middaguurkonserte in die konservatorium)**
**Vlotoptog**
**Danse**
**Drompoppies:**
**1) Bestuurder – om trompoppies uit te soek, te beheer en te beskerm!**
**2) Assistent Bestuurder – om bestuurder te alle tye te help.**
**3) Afriger – om trompoppies af te rig.**
**Mej. Matieland**
**Kermis**
**Folk Musiekfees**
**Spoedspan**
**Akkerjol verspreiding**
**Rekenaar operateur**
**Koshuis**

# GERAAS

**DIE HUISKOMITEE, HELSHOOGTE, skryf:**

DIE Huiskomitee van Helshoogte wil sy teleurstelling teenoor die betrokke instansies wat verantwoordelik is vir die uitkap van bome en opgrawings wat op die oomblik in Merrimanlaan aan die gang is, uitspreek.

Ten eerste word dit op 'n baie ongeleë tydstip gedoen omdat dit kort voor die semestereksamen plaasvind. Die uitgrawings veroorsaak baie geraas. Studente word gedwing om op ander plekke te gaan studeer. Dit geld sekerlik ook vir koshuise soos Simonsberg, Eendrag, en Huis Visser.

Ten tweede het die bome nog altyd 'n mate van beskerming aan 'n groot aantal motors teen die son gebied. Ter wille van vooruitgang moet daar sekere dinge opgeoffer word, maar die betrokke instansies word gevra om asseblief in die toekoms sulke omstandighede in ag te neem.

# Ou Wyn in Nuwe Vate . . .



HET u al vir uself die vraag gevra: Waarom leef ek? Dink 'n bietjie hieroor na, want die antwoord wat u op hierdie vraag gee, sal die patroon wees waarvolgens u leef.

Victor Krankl het ook voor hierdie vraag te staan gekom, terwyl hy in die strafkamp te Auschwitz (1945) was. Hy het tot die geweldige slotsom gekom dat dit in die lewe nie gaan om die betekenis wat dit vir hom het nie, maar eerder om watter sin hy aan die lewe gee. Alleen wanneer 'n mens sy besondere taak, roeping en verantwoordelikhede in die lewe getrou nakom, sal die lewe vir hom daagliks nuwe betekenis kry. Dan alleen sal hy saam met Nietsche kan stem: Wie 'n *waarom* besit in sy lewe, kan byna elke *hoe* verwerk.

Geniet u dit om werklik te leef? Watter sin gee u aan die lewe? Dien u lewe ook tot verryking van ander mense se lewens? Ons word daagliks gekonfronteer met die kortstondigheid van die lewe. Daarom moet ons wat 'n sinvolle lewe wil lei, ook saam met 'n Moses van ouds tot God kan bid: Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom.

CHRISTO VAN WYK

FOTO STUDIO LOCKLEY
Cor Langenberg.
DIE FOTOGRAAF VIR DIE STUDENT
Vir u groepfotos, portret paspoorte, huweliksfotos en gradeplegtigheidsfoto's.
KOM NA ONS VIR PERSOONLIKE DIENS
TEL. 3131 PLEINSTRAAT
BESTEL VROEG VIR HUISFOTOS!

117 Main Rd., Green Point Ph. 449767
1st Floor, Trust Bank Centre, Stellenbosch Ph. 70641
ZORBA STEAK HOUSE
GREEK ATMOSPHERE
GREEK STEAK
GREEK SERVICE
FULL CATASTROPHE!


Rembrandt
SUPERIEUR MILD
Die Meesterstuk
in Ligter Rookgenot
FILTER DE LUXE
DIE MEESTERSTUK
THE MASTERPIECE
Rembrandt
SUPERIOR MILD
LONDON · HAMBURG · AMSTERDAM
REMBRANDT SUPERIEUR MILD
Die ligte sigaret wat u altyd graag wou rook.

# MEDIES KLOP MOEDIGE PIEKE - 14-4

DIE mediese studente het verlede Woensdag geskiedenis gemaak in die Danie Craven-stadion toe hulle die span van Pieke in 'n harde wedstryd met 14-4 geklop het in die eindstryd om die Jim Fouché-beker. Dit was die eerste keer dat Medies in die eersteliga-koshuisrugby 'n beker wen. Hoewel hulle rustyd net 6-4 voor was, het hulle in die tweede helfte hul meesterskap getoon en 'n welverdiende oorwinning behaal.

Vanaf die afskop was die wedstryd gekenmerk deur meedoënlose voorspelerspel. Spel is egter in 'n mate ontwrig deur beserings en Medies het twee plaasvervangers op heelagter gehad binne die eerste dertig minute. In hierdie eerste speeltydperk het die spanne goed opgeweeg, maar dit was Pieke wat teen die verloop van spel in eerste punte aangeteken het. De Wet, Pieke se heelagter het hom by die agterlyn aangesluit en die man-oor bewerkstellig. Die bal het tot by Niël du Bois op die vleuel gevorder en hy het sterk gehardloop vir 'n mooi drie. Dit is egter nie gedoel nie en Pieke loop 4-0 voor. Net vier minute later antwoord Medies met 'n drie.

Die losskakel, Potgieter, het 'n hoë bal tot diep binne Pieke speelgebied geskop waar Pieke nie die bal onder beheer kon bring nie. George White het vinnig opgevolg, die rollende bal opgepik en oorgeval vir 'n drie. Hannes Myburgh het die nodige punte bygevoeg en Medies het 6-4 voorgeloop. Dit was ook die keerpunt in die wedstryd, want hierna het Medies se voorspelers die botoon gevoer.

### UITBLINKERS

Medies se voorspelers het aanhoudend vorentoe gedryf en het die losspel oorheers. Ook in die lynstane kon hulle maak soos hulle wou en het goeie balle vir die agterlyn gewen. Die name van Pio, Dix en agsteman Munnik moet uitgesonder word. Hulle het skitterend vertoon en die grondslag gelê vir Medies se oorheersing. Medies het vorentoe gebeur met hul voorspelers en dit het duidelik geword dat hulle die opposisie in die tweede helfte sou oorweldig.

Met die aanbreek van die tweede helfte was Medies dadelik op die aanval, maar Pieke het nie gaan lê nie en antwoord met 'n mooi lopie langs die linker kantlyn, maar Neethling (senter) het met 'n lynskop verligting vir Medies gebring. Twee minute later was dit weer Neethling toe hy deursny en 'n steekskoppie gelos het wat tot in Pieke se doelgebied gerol het. Pieke moes haastig dooddruk. Na 'n vaste skrum binne Pieke-kwartgebied, het Potgieter weer die bal tot binne Pieke se doelgebied geskop. Du Bois het hom met die diepte van die doelgebied misgis en is met die bal betrap. 'n Skrum is beveel en Medies het gehak, die skrum geswaai en agsteman Munnik val oor vir 'n drie. Myburgh doel dié drie en die telling is 12-4.

### DIX

Pieke het met elke bal aangeval en losskakel Dave Prinsloo het oordeelkundig geskop om Medies onder druk te plaas. Wanneer hy egter die bal laat loop het, was dit nie vinnig genoeg nie, sodat sy gevaarlike agterlyn nie veel beweegruimte gehad het nie. Na 'n mooi breekslag van Prinsloo het die bal tot by De Wet gevorder, maar hy het na die binne- in plaas van die buitekant laat loop en die kans om punte aan te teken was verlore. Dit sou Pieke later suur bekom, want Dix van Medies het die bal na hartelus in die lynstane geneem.

### VELD GEWEN

Kort hierna het Medies 'n bal in die middelveld onderskep en 'n groot ent veld gewen. Vanaf 'n daaropvolgende lynstaan het Potgieter geen fout met 'n vinnige skepskop gemaak nie. Myburgh het hierna met 'n strafskop misluk, maar die skrif was reeds aan die muur vir Pieke.

### TWEEDELIGA

Die tweedeliga-kompetisie is deur Dagbreek gewen. Hulle het Pieke oortuigend met 24-8 geklop nadat die telling 8-8 was na die volle speeltyd. In ekstra-tyd het hul groter fiksheid egter baie in hul guns getel en hulle teken 16 punte aan. Uitblinkders aan Dagbreek-kant was Potgieter en Poggenpoel.



*Dave Prinsloo, losskakel vir Pieke, maak gereed om die bal in Medies se gebied te plaas. Prinsloo se taktiese skoppe was uitstekend en 'n bron van kommer vir die mediese studente. Hier is die verdediging juis weer oor die veld gesprei. Hulle is Kürt Vorster, Lapa Munnik (agter die skeidsregter) en die slot, J. Gilliland.*

## Rank!



*Philip Joubert van Pieke rank hier na die bal terwyl sy skrumskakel, Lawrence Steward angstig daarop wag. Hy word mooi ondersteun deur Zoeloe Joubert (No. 3).*




**KWARTUS SIEBERHAGEN**

DIT is die laaste keer dat ek hierdie rubriek behartig. As 'n mens terugkyk oor die jaar wat verby is, bly uiteenlopende gedagtes by. Daar was hoogtepunte en laagtepunte – maar veral hoogtepunte. Daar was atletiek – verskeie S.A. rekords op Coetzenburg; rugby – ons klop die Tukkies hier en in Durban; krieket – wen die W.P.-ligas; tennis – oorheers die W.P.-ligas. Die laagtepunt was na my mening die feit dat ons nie in die Dalrymple kon presteer nie.

Om egter in so 'n rubriek reg te laat geskied aan alles wat gedurende 'n jaar op die sportgebied plaasgevind het, is gans onmoontlik. Daar was verskeie mense wat gedurende die jaar gekla het dat hulle nie die nodige dekking kry nie. Ons aan hierdie kant probeer ons bes, maar ons kan nie in elke uitgawe publisiteit gee aan alle sporte nie. Ons poog om die sportsoorte wat die meeste aandag onder studente geniet, te plaas. Van tyd tot tyd het ons tog probeer om aan die minder bekende sportsoorte ruimte af te staan.

### DAGBREEK

Medies het hul eerste rugbybeker in die geskiedenis verower toe hulle Pieke in die eindstryd om die Fouché-beker geklop het. Saam met Dagbreek is hulle nou die enigste onoorwonne spanne. Juis hierdie saak is vir die skrywer 'n teerpunt. 'n Mens is altyd lojaal teenoor jou koshuis, of dit word van jou verwag om lojaal te wees as jy iets vir jou koshuis oor het. Dit is dan hoekom ek ietwat ongelukkig is oor die manier waarop Dagbreek uitgeskakel is uit die kompetisie om die Fouché-beker.

Dagbreek en Medies het beide kere wat hulle teen mekaar gespeel het, gelykop gespeel – eers ses elk en toe agt elk. Die verskil was dat Medies in die tweede wedstryd twee drieë gedruk het en Dagbreek een. Op grond hiervan is hulle toe as oorwinnaars aangewys. Daar moes egter eers ekstra tyd gespeel gewees het, voordat drieë getel het. Boonop het die skeidsregter in dié wedstryd gedink dat Dagbreek gewen het. Hy was van mening dat 'n skepskop drie punte tel in plaas van twee. Nou kan mens egter niks aan die saak doen nie en Medies het vir hulle 'n plekkie in die eindstryd verseker. Op hul spel verlede Woensdag twyfel ek sterk of Dagbreek hulle sou gewen het, maar as Dagbreek in Medies se posisie was, sou hulle ook vir Pieke geklop het. Ons sal maar sien wat alles volgende semester gaan gebeur.

Daar lê nou 'n heerlike wintervakansie voor en verskeie inter-universitêre toernooie vind plaas. Die Judokampioenskappe vind plaaslik plaas terwyl die meeste ander wintersporte op ander kampusse plaasvind. Dit is 'n effense probleem met die brandstofkrisis, maar ons hoop dat al die spanne hul universiteit met trots sal verteenwoordig en dat verskeie S.A. Universiteite-kampioene volgende semester na Stellenbosch sal terugkeer.

### REDAKSIE

Laastens en beslis nie die minste nie wil ek danksie sê aan my redaksie vir die tyd wat hulle opgeoffer het en die moeite wat hulle gedoen het om berigte betyds by my te kry. Vir die volgende sportredaksie: Ek hoop julle werk lekker en geniet dit. Sela.

**Spotprenttekenaars (2 poste)**
**Hoofverspreider**
**Verspreider (2 poste)**
**Sekretaresse**
Aansoeke moet gerig wees aan:
**Die Redakteur,**
**Die Matie**
**LSS.**
Die sluitingsdatum is Maandag 11 Junie om 12h00.

**DEVON VALLEY HOTEL ★ ★ TYYY**

Wine, women and song

Bring your partner
to

**WINE DINE & DANCE**
in a convivial atmosphere